DIE KREMETARTSTYL

KOOS LE ROUX
JOHAN RAS

1. INLEIDING:

Boom nommer 467: Adansonia digitata
Engels: Boabab Tree, Monkeybread tree, Lemonade tree.

Die Kremetartboom is in 1750 na 'n Franse ontdekkersreisiger, Michel Adanson, vernoem. Die bome kan hoogtes van 25m en 'n omtrek van 46m bereik. Die blomme is ongeveer 150mm in deursnee en verskyn gedurende Oktober. Dit word deur 'n soort vlermuis bestuif. Die vrugte is ongeveer 260mm lank en 120mm in deursnee. Hulle word in Mei ryp, maar bly aan die bome hang tot die volgende lente.

Kremetarte word in Suid-Afrika gevind vanaf Thabazimbi tot anderkant die Soutpansberge. Dit kan oral in die land as Bonsaimateriaal gebruik word mits dit in die winter teen koue en water beskerm word.

2. GROEIFASES VAN DIE KREMETART:

2.1. BOOMPREFASE (saailing tot 15 jaar):

Stamdikte: 70mm - 250mm
Boomhoogte: 3m - 6m

2.2. KEGELFASE (60 tot 70 jaar):

Stamdikte: 0,8m - 2,2m
Boomhoogte: 5m - 15m
Die boom bestaan uit 'n lang, komiese stam met kort spreidende takke en/of 'n klein besemagtige kroon.

Hierdie fase eindig met afsluiting van die primêre hoogtegroei.

2.3. BOTTELFASE (200 tot 300 jaar):

Stakdikte: 2,8m - 5,3m
Boomhoogte: 10m - 20m
Die boom verdik tot 'n bottelvorm met 'n groot ronderige kroon wat bestaan uit lang, steil opstygende takke.

2.4. OUDERDOMFASE (500 tot 800 jaar):

Stamdikte: 3m - 6m
Boomhoogte: 10m - 25m
Die stam verdik stadig tot 'n reuse omvang. Die swaar takke sak en verleng verder en 'n wydstrekkende, platterige kroon vorm. Die onderste takke breek van tyd-tot-tyd af en sommige stamme word mettertyd hol. Die meeste bome vrek tussen 500 en 800 jarige leeftyd, veral gedurende kwaai droogtes maar enkele bome kan egter 'n 1000 jaar of ouer word.

3. KREMETARTE AS BONSAI:

3.1. KWEEK VAN KREMETARTE;

3.1.1. SAAD:

Gooi kookwater oor die pitte om die doppe sag te kry. Dit is in plaas van 'n Olifant se maag. Plant dit daarna.